**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

**Hersiening Nr. : 1113/2005**

In die hersiening tussen:

**DIE STAAT**

*versus*

**POTSO MASOETSA**

---

**CORAM:** H.M. MUSI R *et* BLOEM WND R

---

**UITSPRAAK DEUR:** BLOEM WND R

---

**GELEWER OP:** 7 OKTOBER 2005

---

[1] Die beskuldigde het in die landdroshof te Ficksburg tereggestaan op 'n oortreding van die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary, 1992 (Wet Nr. 140 van 1992) deurdat hy op 9 Augustus 2005 handelgedryf het met 11,60 kg dagga alternatiewelik dat hy in besit was van daardie dagga. Hy het skuldig gepleit dat hy daardie dagga besit het. Na ondervraging ingevolge die bepalings van artikel 112(1)(b)

van die Strafproseswet, 1977 (Wet Nr. 51 van 1977), was hy skuldig bevind aan die besit van 11,60 kg dagga. Hy was gevonnis tot ‘n boete van R1 800,00 of 10 maande gevangenisstraf.

[2] Die beskuldigde was behoorlik skuldig bevind aan die besit van 11,60 kg dagga. Daardie skuldigbevinding moet dus bekragtig word.

[3] Die beskuldigde is ‘n eerste oortreder. Ten tye van die misdaad was hy 37 jaar oud, getroud en het een minderjarige kind. Hy verdien ‘n salaris van R50,00 per week. Hy het die hof meegedeel dat hy die dagga vir eie gebruik sou besit het.

[4] Die besit van dagga is ‘n misdryf wat dikwels voorkom in hierdie hof se jurisdiksiegebied. Die beskuldigde was in die besit van ‘n groot hoeveelheid dagga gevind. Daar moet egter nie uit die oog verloor word nie dat die beskuldigde skuldig gepleit het op ‘n aanklag van besit van dagga en nie handel in dagga nie. Hy moet dus gevonnis word vir die besit van dagga en nie handel in die groot hoeveelheid

dagga nie.

[5] In sy redes vir vonnis het die landdros ‘n hele aantal sake aangehaal wat deel met handel in dagga. Hy het ook verwys na sake wat deel met die besit van dagga. Dit is baie duidelik dat die howe, in die geval van die besit van dagga, gewoonlik veel laer strawwe oplê as in die geval van handel in dagga.

[6] Die landdros het bevind dat dit duidelik is vanuit die beskuldigde se persoonlike omstandighede dat hy nie oor voldoende fondse beskik om ‘n boete te betaal nie. Dit is nie duidelik nie waarom die landdros dus die beskuldigde ‘n keuse gegee het om ‘n boete van R1 800,00 te betaal. Die beskuldigde was dus effektief gevonnis tot 10 maande gevangenisstraf.

[7] Dit wil vir my voorkom asof die landdros ‘n vonnis opgelê het asof die beskuldigde skuldig bevind was aan handel in dagga. Die vonnis wat opgelê was vir die besit van dagga is so treffend onvanpas dat dit ‘n gevoel van skok openbaar.

[8] Na my mening skep die bogenoemde faktore omstandighede wat die oplegging van ‘n ligter straf regverdig. Gevolglik moet daar met die vonnis ingemeng word.

[9] Die skuldigbevinding word bekragtig. Die vonnis word

tersyde gestel en vervang met gevangenisstraf van 10 maande wat in geheel opgeskort word vir 3 jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word nie aan die besit van dagga gepleeg gedurende die periode van opskorting en waarvoor onopgeskorte gevangenisstraf opgelê word.

**G.H. BLOEM, WND R**

Ek stem saam.

**H.M. MUSI, R**

/sp